
**LES 4**

Fokus: Lees, kyk en begryp waaroor die teks gaan.
Nota: Beoefen vlug- en soeklees vir die hoofgedagtes. Lees ook aandagtig om ondersteunende besonderhede raak te sien.

4.1 Het jy uit les 3 agtergekom dat daar in verskillende tipe omgewings gekamp kan word? Kan jy die tipes plekke wat jy kan onthou opnoem?

Lees wat vertel die bekende Afrikaanse skrywer, *Pieter Pieterse*, in sy boek "*Boude en blaaie – en nóg 'n paar Bosveldstories*" oor waar dit vir hom lekker is om uit te span (om te kamp).



Die Bosveld . . .

Waar ís die Bosveld?

Eendag, as jong seun, hoor ek hoe een van die baie jagters wat gereeld in die winter by ons op die plaas kom jag het (nogal Daan Retief, destyds 'n beroemde Springbokrugbyspeler), die gebied daar tussen Pretoria en Warmbad "Bosveld" noem. Bosveld? het ek verontwaardig gedink. Maar jy weet mos nie wat Bosveld ís nie, man!

Want in mý gedagtes was daar maar één Bosveld. Die Soutpansberg, waar ek grootgeword het. Nie eers die hele Soutpansberg nie. Eintlik net die deel noord van die berg, na die grens van Botswana en Zimbabwe toe, wat ons ágter-die-berg genoem het. Waterpoort se wêreld. Oporto, Mopanie, Bandur, Alldays, Pontdrif, en so af, al teen die Limpopo langs. Ja . . . Dít was mos Bosveld.



Daar waar die visarend Septembermaand, wanneer dit sy tyd word om hoog bo die aarde met sy wyfie hande te vat en sy onvergeetlike roep uit te stuur oor die mopaniebome, en die deurmekaarbos en die witgat en die kremetart. Nie daardie gelykgroen doringboomvlaktes om Pretoria nie.

Later het ek die Laeveld leer ken. Ook Mosambiek, Zambië, Suidwes, Noord-Natal, Zimbabwe. En in my gedagtes elke keer nog 'n stukkie Bosveld bygekry. Vandag weet ek: Elkeen se Bosveld is op 'n ander plek.

Miskien is daar in jóú Bosveld mopaniebome en deurmekaarbos en raasblaar en rooibos en rosyntjiebos en kanniedood en 'n kremetart en 'n visarend. Miskien nie. Miskien is daar net 'n paar soetdorings of 'n ruikpeul. Miskien is daar 'n rooibokram wat vroegoggend varkmaak, as dit paartyd word. Of 'n kwaggavul wat by die watergat, waar die leeus gevang het, staan en runnik vir sy ma, wat nie weer sal terugkom nie.



Of miskien is daar maar net 'n jakkals wat saans teen die skemer tjank . . . 'n Naguiltjie wat iewers in die donker in 'n voetpad sit en kla – "my mamma is dood en my pappa is dood en al my boeties en sussies is dood dood dood-dood-dood . . ." 'n Rooikeelfisant wat "Debora! Debora! Debora!" die dagbreek aanjaag wat roserig op die horison kom lê . . . 'n Groenvlekduifie wat op die hitte van die middag in die koel takke van 'n appelblaarboom sit en treur.

Maar dis Bosveld.

Vir jou ís dit Bosveld.

Jóú Bosveld.

'n Plek waar die son in die dag skerper is as op enige ander plek, en die sterre elke nag nader aan die aarde lyk as wat jy kan onthou. 'n Plek waarna jy vir altyd met 'n klein stukkie vreugde en 'n klein stukkie hartseer sal verlang – 'n verlang wat dringender word, wat soos jou hartklop self word, elke jaar wanneer die bome om jou stadigaan van groen na geel na rooi en eindelik na roesbruin verkleur, voor die blare saggies, byna ongemerk, begin val.

'n Plek soos die lappie aarde in die koelte van die huilboerboon tussen die groot ou jakkalsbessiebome langs die Timbavatirivier, in die hartjie van die Oos-Transvaalse Laeveld, waar die Ingilsman en ek ons karavaantjie staanmaak.

4.2 Maak 'n lys van tien saamgestelde woorde (samestellings) wat jy kon raaksien in die leesstuk. Sommige bestaan dalk uit drie woorde wat saamgestel is om een woord te vorm!

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4.3 Bestudeer die volgende aanhalings ("........").
Bespreek dit en vertel dan in jou eie woorde waaroor jy dink gaan dit?
Soek vinnig na die sin of sinne in die leesstuk net om jou te herinner wat jy gelees het.

* "Bosveld? het ek verontwaardig gedink. Maar jy weet mos nie wat Bosveld ís nie, man!"
* Is dit moontlik vir 'n visarend om hande te vat met sy wyfie? Hoekom sê jy so?
* "................en sy onvergeetlike roep uit te stuur oor die mopaniebome, ............."
* "Vandag weet ek: Elkeen se Bosveld is op 'n ander plek."
* "Miskien is daar net 'n paar soetdorings of 'n ruikpeul."
* ".........'n Groenvlekduifie wat op die hitte van die middag in die koel takke van 'n appelblaarboom sit en treur."
* Het jy al die roep van 'n visarend gehoor? Gebruik 'n klankopname van die internet af om daarna te luister voordat jy oor die sin praat:
  https://www.youtube.com/watch?v=jSPSLD-vGvI
  As jy daarvan hou om dit te hoor, laai sommer 'n luitoon op 'n selfoon af sodat jy dit elke keer hoor wanneer daardie selfoon lui!

4.4 <u>NAVORSING</u>:

* Gebruik 'n woordeboek, 'n ensiklopedie of die internet om uit te vind wat die volgende voorwerpe is en hoe hulle lyk. Vertel wat jy uitgevind het.

| | |
|---|---|
| deurmekaarbos | rosyntjiebos |
| witgat | kanniedood |
| kremetart | huilboerboon |
| raasblaar | jakkalsbessie |
| rooibos | soetdoring |

Is daar nog hiervan wat nie in die lys is nie? Kan jy 'n paar opnoem vanuit jou navorsing?

> Het jy opgemerk dat al die woorde met **<u>'n kleinletter</u>** gespel word?
> Dit is omdat dit 'n **<u>soort</u>** plant is wat genoem word en **<u>nie 'n eienaam</u>** is nie.

* Gebruik 'n atlas, 'n landkaart of die internet om vas te stel waar die volgende plekke is. Vertel wat jy uitgevind het.

| | | |
|---|---|---|
| Pretoria | Warmbad | Die Soutpansberg |
| Botswana | Zimbabwe | Waterpoort |
| Oporto | Mopanie | Bandur |
| Alldays | Pontdrif | Die Laeveld |
| Mosambiek | Zambië | Suidwes |
| Noord-Natal | Oos-Transvaal | Laeveld |

Sommige van hierdie plekke het vandag nuwe name. Watter plekke is dit en wat is hul nuwe name? Noem watter plekke nie in Suid-Afrika is nie.

> Het jy opgemerk dat al die woorde met **<u>'n hoofletter</u>** gespel word?
> Dit is omdat dit **<u>die name van plekke</u>** is en dus **<u>eiename</u>** is.
>
> Eiename word met 'n hoofletter gespel.


* Gebruik enige naslaanwerk om uit te vind wat die volgende voorwerpe is en hoe hulle lyk. Vertel wat jy uitgevind het.

visarend
rooibokram
kwaggavul
jakkals
naguiltjie
rooikeelfisant
groenvlekduifie

Is daar nog hiervan wat nie in die lys is nie? Kan jy 'n paar opnoem vanuit jou navorsing?

Het jy opgemerk dat al die woorde met
**<u>'n kleinletter</u>** gespel word?
Dit is omdat dit 'n **<u>soort</u>** dier is wat genoem word
en nie 'n **<u>eienaam</u>** is nie.

4.5 Na al die navorsing en werk met verskillende tipes woorde, is dit tyd vir bietjie ontspan. Gee die illustrasie kleur op enige manier waaraan jy kan dink.



4.6 Die <u>Kruger Nasionale Park</u> is 'n gewilde bestemming vir kampeerders, veral vir gesinne met kinders.

Lees vir jou gesin voor wat 'n ander gesin van Pretoria daaroor sê in 'n **onderhoud wat met hulle gevoer is.**

*DIE KRUGER SPAN DIE KROON*

*'n Gesin van Murrayfield in Pretoria maak geen geheim daarvan dat hulle kampwortels diep in die Krugerwildtuin lê nie. Pa, ma en twee seuns mik noord as jy van kamp praat. Ouboet het reeds as eenjarige saam met sy ouers in die wildtuin gekamp. Vyf jaar gelede het die gesin 'n woonwa ryker geword.*

*" <u>Watter kamp verkies julle</u>?"* ***vra die joernalis*** wat vir die tydskrif werk.

*"Mamma verkies Letaba, maar ek hou van Satara; dit was my oupa se gunstelingkamp. In Letaba gaan stap ons laataand in die kamp rond met 'n flitslig, al teen die heiningdraad, en kyk watter wild ons sien"* ***antwoord Pappa****.*

*<u>"Wat kan mens hier doen</u>?"* ***vra die joernalis****.*

***Mamma sê****: "Ons pak die vorige aand kos om vroegoggend langs 'n watergat te geniet met 'n koppie koffie. So teen elfuur pak ons weer die piekniekmandjie en gaan kyk wild – en merk ook die voëls af wat ons teëkom. Ons gesin het drie voëlboeke wat saamgaan en ons hou rekord van alles wat ons sien."*

***Die joernalis vra****: "<u>Watse diere is vir julle spesiaal om te sien</u>?"*

***Ouboet antwoord****: "Luiperds is baie besonders; ons het al twee gesien. Verder het Sharpe se grysbok ook 'n spesiale plekkie. Ons het al ystervarke tydens 'n wildrit in die nag gesien en natuurlik is die naguile besonders, asook die reuse-ooruil."*

*(Met erkenning aan die tydskrif : WegSleep September 2011)*

*	**Dramatiseer** die onderhoud deur lede van jou gesin te vra om die praatwerk saam met jou te doen. Jy kan besluit wie watter rol moet speel. Daar is altesaam vier mense wat deel is van die onderhoud.
Terloops... wat beteken dramatiseer?

*	Doen **naslaanwerk** om vas te stel hoe en wanneer die Kruger Nasionale Park tot stand gekom het.
Vertel tydens middag- of aandete aan jou gesin wat jy uitgevind het.

Notas: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4.7 'n Ander rubriekskrywer (vind uit watter soort werk so iemand doen) het ook gehoor van die Letaba-kamp in die wildtuin. Hy het gaan ondersoek instel en kyk net wat hy hieroor uitgevind het:

---

Letaba is baie mense se gunstelingkamp in die wildtuin. Dis 'n lieflike groen oase in die mopanieveld, met die beste rivieruitsig van al die kampe. Dit het ook 'n heerlike kampeerplek met groot koeltebome en 'n verskeidenheid ander blyplekke, soos rondawels, chalets en safaritente.


Oral in die kamp sien jy iemand met 'n verkyker en voëlboek, besig om regmerkies op hulle lysie te maak. Die kamp se mooi tuine lok 'n magdom voëlsoorte soos paradysvlieëvangers, oranjeborsboslaksmanne en skopsuiltjies.

Moet jou ook nie bekommer oor die hitte hier in die noorde nie, want Letaba het onlangs twee swembaddens gekry; een langs die safaritente en een by die piekniekplek vir dagbesoekers.

Hier is ook 'n winkeltjie, kafeteria, restaurant, televisiekamer en 'n opelugamfiteater. En moenie van die Olifantsaal vergeet nie.

So lekker soos dit binne-in die kamp is, so wisselvallig kan wildsritte hier rond wees. Letaba word omring deur digte mopanieveld, wat dit moeilik maak om diere te sien. As die olifant nie rég in die pad staan nie, kan jy hom maklik miskyk.

En van olifante is hier genoeg. Jy kan gelukkig ook reken op buffels en waterbokke. As jy egter wildtuin toe gekom het vir leeus en luiperds, sal jy harder moet werk as by Skukuza en Onder-Sabie.




*(Met erkenning aan die tydskrif : WEG Desember 2009)*

*	Kan jy sien dat dit 'n baie **<u>beskrywende vertelling</u>** is van wat daar gevind is?
Noem al die woorde in die leesstuk wat uit twee of meer woorde bestaan om dit een woord of een begrip te maak (samestellings).
Maak seker dat jy weet wat al hierdie woorde beteken deur hulle op te soek en neer te skryf.

___

___

___

___

Wanneer mens iets **beskryf** word die woorde die "**verfkwas**" waarmee mens die vertelling "**inkleur**".



*	Kyk op die kaart of jy kan sien waar die kamp, waarvan in die leesstuk vertel is, geleë is. Die groen gedeelte is die hele wildtuin.
Hoe sal jy die posisie van die kamp beskryf: heel noord, heel suid, effens aan die westekant, so te sê in die middel of effens aan die oostekant?

*	Bespreek die volgende:
Watter buurland is noord van die Letaba-kamp geleë?
Watter buurland is oos van die wildtuin geleë?
Watter provinsie is wes van die wildtuin geleë?
Met watter snelweg sal jy ry om wildtuin toe te gaan indien jy vanaf die suidwestelike kant van die wildtuin af kom?
In watter rigting sal jy dan ry?
Watter stad sal jy teëkom en wat is die stad se naam vandag?

4.8 Bestudeer die kaart hieronder wat vir jou wys watter besigtigingspaaie jy vanaf die Letaba-kamp kan ry:





* Kan jy sien dat die paaie genommer is en verskillende kleure het? (Grootpad [H paaie] = rooi; sekondêre pad [S paaie] = blou). Watter teken op die kaart dui <u>rigting</u> aan en watter teken dui <u>afstand</u> aan?

* Onderaan die kaart is daar tekens (met woorde langsaan geskryf). Die tekens word **sleutels** genoem. Waarom <u>dink jy</u> word hulle **sleutels** genoem? Praat daaroor terwyl julle op die kaart die sleutels probeer opspoor (dink aan die werk wat 'n sleutel doen).

* Bespreek wat elke sleutel beteken en wat op elke plek, waar daar 'n sleutel is, gevind sal word. Nou behoort jy agter te kom dat die kaart vir jou "oopgesluit" word sodat jy weet wat om waar te vind indien jy daar rondry!

4.9 Julle kamp by Letaba in die Kruger Nasionale Park.




*(Met erkenning aan die Nasionale Krugerwildtuin Kaartboek)*

* Watter paaie gaan julle ry om na wild te kan kyk? Lees die volgende, volg die paaie met elke beskrywing op die roetekaart, beplan julle eie roete en ry saam!

| |
|---|
| **VROEGOGGENDRIT**<br>**Soek bobbejane, waterbokke, olifante en luiperds.**<br><br>Só loop die pad: Draai regs by die kruising buite die hek en ry rustig noord op die H1-6 teerpad. Wees vir die eerste 3 km op die uitkyk vir bobbejane en waterbokke. Sodra jy oor die Letabarivierbrug ry, maak die veld oop en jy kan olifante en sebras verwag. Hier is al vroegoggend 'n luiperd én 'n jagluiperd gekry! Beplan nou self verder 'n roete wat julle terug sal bring by die kamp. Dui aan waar links of regs en op watter paadjie afgedraai moet word. |
| **HEELDAG UIT**<br>**Pak middagete en soek leeus, hiënas, maraboes (wat is dit?), olifante en kameelperde.**<br><br>Só loop die pad: Oor die kruising en links op die eerste grondpad, die S131. Dié pad neem jou na die Phalaborwahek. Wees op die uitkyk vir witkwasjakkalse, leeus en hiënas. Olifante en kameelperde hou ook daarvan hier. Vanaf die Phalaborwa-hek ry oos op die H-9 terug kamp toe. Oppad terug sal julle buffels teëkom. Beplan nou self verder 'n roete wat julle terug sal bring by die kamp. Dui aan waar links of regs en op watter paadjies afgedraai moet word. |
| **LAATMIDDAGDRAAI**<br>**Soek katte of 'n witrenoster en leeus.**<br><br>Só loop die pad: Beplan julle eie roete in 'n suidelike rigting vanaf die kamp. Julle kan nie te ver ry nie aangesien die hekke 18h00 sluit en julle dan terug in die kamp moet wees! |

4.10 Soos jy kan sien uit die lesse sover beteken "om te kamp" nie dat jy heeltyd by die tent of die karavaan sit en jou tone tel of speletjies op 'n selfoon sit en speel nie!

Verbeel jou die illustrasies wat volg (A – D) is foto's uit jou eie foto-album.
Jy is iewers in elkeen van hulle, want jy is 'n **avonturier** (wat is dit?) en het jou eie stories om te vertel.

Gebruik die volgende raamwerk vir die beplanning van jou stories wat jy kamma aan 'n groep mense of voor televisiekameras gaan vertel. Onthou die gebeure **het** reeds **plaasgevind**.
Gebruik 'n aparte vel papier vir jou beplanning, en vertel dan jou stories vir enige iemand wat sal luister!

| | |
|---|---|
| Waaroor gaan jou foto's? | Wie was almal saam? |
| Van waar af het julle gekom? | Waarheen was julle oppad? |
| Hoe ver het julle al gery? | Hoe ver moes julle nog ry? |
| By watter kampplekke het julle oorgeslaap? | Hoeveel nagte by elke kamp? |
| Hoe was die kampterreine daar? | Waarmee het julle te kampe gehad (die omstandighede)? |
| Wat het julle als gesien terwyl julle gekamp het? | Wat het julle alles gedoen terwyl julle gekamp het? |
| Watter avonture het julle beleef? | Het julle dalk iets vreemds ontdek? |
| Watter idees het julle gekry om iets ten opsigte van kamp te vernuwe en beter te maak? | Waar sal julle volgende wil gaan kamp? |


**KAMPSTORIE A:**



**KAMPSTORIE B:**



**KAMPSTORIE C:**




**KAMPSTORIE D:**



N 47 48'05.49" E 13 03'02.80"

Salzburg, Austria